| Potch 6 April 1958
| Avk. 2 April 1961

# Hy Het Opgestaan!

Ges. 140: 1, 2.
" 136: 1, 3.
" 135; 1, 4, 6.

Mark 16:1-8
(Licht voor den Ruigen)

Mark 16:2 – En baie vroeg op die eerste dag van die week, net na sonop, kom hulle by die graf.

Nog 'n Paassondag het aangebreek w/op ons die evangelie, die blye tyding, kan verkondig: Die Here het opgestaan. Is daar 'n beter boodskap wat 'n mens ooit kan vertel? Is daar 'n kragtiger oorwinningslied wat 'n mens kan sing as die triomflied van hd. dag?

En as iemand sou vra, waarom? dan kan ons 'n hele ry van redes noem:

Op hd. dag is 'n oorlog be-eindig wat al d. eeue deur gewoed het; op hd. dag is gevangenis geopen w/in skuldige misdadigers anders vir eeue sou moes versmag; op hd. dag nie net 'n graf oopgegaan nie, ma. ook 'n godsryk! Omdat Xtus opgestaan het kan 'n Evangelie verkondig word waar sondaars genade ontvang, waar siekes getroos word, waar armes roem in hulle rykdom, waar vir sterwendes die hemel geopen word!

In hd. stemming wil ons v/m. Paasfees vier en die vroue vergesel op pad na die graf van die opgestane Saligmaker. Ons let dan op:

I Die Tekens wat ons daar sien.
II Die Woorde wat ons daar hoor.

## I. Die Tekens wat ons Daar Sien:

(1) Treurende harte vertroos: Deur 'n vrou het d. sonde en dood in die wêreld gekom; deur 'n vrou, bekommerd + bedroef, word die eerste d. boodskap verneem: die dood is oorwin! Hd. vroue het rede om te treur: hulle het met Hom saam gewandel en Hom gedien; hulle het die hele pad na Golgotha saamgestap; by d. Kruis bly staan tot d. einde; sy liggaam help afhaal + weggelê.

Dd. sabbat in droefhd deurgebring. Dd. volgende môre [illegible] om sy liggaam te salf & afskeid te neem. En daar die onbegryplike wonder van die blye verrassing: Jesus het opgestaan!

→ H al daaraan gedink: die sekerste manier om die treurende harte te troos is 'n wandel na die geopende graf v JX! Baie redes om te treur; baie leed in d wêreld: leed v.d liggaam, leed v.d hart & siel, leed van sonde & skuld. Mr. Jesus se opstanding het dit alles verander: Jesus leef: Hy vertroos d. treurendes. Hy heilig alle leed, Hy bemoedig & versterk!

„Ek sal nie meer bekommerd wees nie —
in Hom is mos vir my genade."

(2) Donker nagte word lig: „net na sonop, kom hulle by die graf": Gekom uit 'n nag van onbeskryflike donkerheid: alle hoop vervaag, alle brandende verdriet, alle lig uitgedoof: Jesus leef nie meer — hoekom & waarvoor nog lewe? Watter hoop nog vir die toekoms?

→ So leef duisende in die nag van wanhoop & ongeloof: hulle twyfel aan Gods genade; hulle twyfel a.d. waarheid v.d. Evangelie; twyfel a.d. sin v.d. lewe; „hulle lewe is verduister deur sonde, ~~twyfel~~, verset. // Maar sodra die Paassôn opgaan ontdek hulle: Xtus opgewek tot ons geregtigheid, ons vrygemaak v.d. angs v.d. gewete, die vloek v.d. wet, d. straf v.d. hel!

„Triomf, triomf, Hy seëpraal
Die volle losprys is betaal
Die Kwytbrief afgegee!"

(3) Geslote grafte word geopen: Elke mens leef sy bepaalde tyd op hd. wêreld: dan kom d. dood. Die mens kan d. sterkste vyande weerstaan, die duiwel selfs verdryf: mr. d. laaste vyand — die dood — kan hom deur niemand keer.

Daar eindig ons lewe; daar d. finale afskeid — as dit nie is dat Jesus sy graf ontsluit het —

→ En nou is alles anders: graf nie meer vir ons d. donker kelder van verdriet & ontbinding; word die stille rusplaas v Gods dode, die Godsakker word die teken van opstanding, hoop & lewe!

„Verheerlik rys ons uit die stof
Sing, sterwelinge, Jesus lof —
Sy Naam bly onvolprese!"

## II. Die Woorde wat ons Daar Hoor:

(1) 'n Belangrike Boodskap: „Hy het opgestaan"

— Belangrik d. bdsk v.d. engele op velde v Bethlehem: „Ek bring julle 'n tyding van groot blydskap wat vir d. hele volk sal wees". Mr. hd. bdsk. uit die leë graf is oneindig belangriker: „Opgestaan"

— God is versoen & ons nie meer verlore in sonde

— Paradys wat gesluit was nou weer geopen

— Xtus vir altyd met ons: Hy verhoor ons as ons bid, Hy vertroos ons smarte, Hy leer ons & lei ons in alle waarheid!

— In sy ~~[illegible]~~ & opstanding lê die grondslag & waarborg vir elke oorwinning wat deur sy kinders & sy kerk behaal is of behaal sal word!

Aard', erken u Heer;
Christen, bring Hom eer;
eng'le, buig u neer!
Hy't die hel oorwin;
haal Hom juigend in:
Christus is die Here!

(2) 'n Goddelike Opdrag: „Gaan sê vir sy dissipels en vir Petrus" Gaan sê — gaan vertel: die vroue aan die dissipels & hulle aan almal. Hier 'n godd. opdrag aan elke gelowige, 'n groot geleentheid wat eenmaal kom & nooit weer:

- Wat ons moet sê:

- Aan wie ons moet sê: Siekes & stemmendes tot hulle troos, sondaars & skuldenlorenes, drankaards & dieme, vamas & moordenaars, onaansienliges & vyandiges!
- Wat gebeur wyse ons dit sê:

„Sal U in ons dan nie die Krag
van u menswees versterk nie
en deur u goddelike mag
in ons die medeliefde wek nie?"

(3) Die heerlike belofte:
„Daar sal julle Hom sien"

Resies so gebeur: Verskyn aan hulle & sê: „Vrede vir julle". Kleopas se hart word brandende: Thomas se ongeloof verdwyn!
Petrus:

- Waar sien ons Hom vandag?

- Eenmaal nog duideliker sien:

Daar sal ons om die troon vergader,
waar God Hom heerlik openbaar,
met driemaal „heilig" Jesus nader,
vir ons gesterf en opgevaar;
daar word die sieghied gehoor
van heel die saalge hemelkoor!